MEGANIESE TEGNOLOGIE NOVEMBER 2009
VRAESTEL 1

Vraag 1 Veelkeusevrae

Die vraag het die hele syllabus gedek en is oor die algemeen goed beantwoord
Vraag 1.7 het heelwat berekeninge geverg en het slegs een punt getel.

Vraag 2 Kragte en Stelsels en Beheer

In vergelyking met verlede jaar was daar 'n merkwaardige verbetering in die beantwoording van die vraag. Die prysenswaardige pogings van onderwysers rakende berekeninge het beslis vrugte afgewerp. Kandidate het egter steeds nie oor die nodige wiskundevaardighede beskik om die basiese berekeninge te doen nie.Klem moet geplaas word op die gebruik van SI-eenhede op skoolvlak.

Vraag 3 Gereedskap en Toerusting

Hierdie vraag is uiters swak beantwoord..
3.5 Kandidate was nie bekend met die skets nie omdat dit nie voorkom in die handboek wat in die Wes-Kaap gebruik word nie.

3.2 Dubbelsinnig – daar is van kandidate verwag om die ontbrekende woorde in te vul, maar omdat dit 'n oop stelling was en nie 'n "wet" nie, het kandidate gesukkel met die interpretasie en die beantwoording van die vraag.

Vraag 4 Materiale

Hierdie vraag is bevredigend beantwoord. Sommige kandidate kon nie onderskei tussen eienskappe en gebruike van materiale nie.

Vraag 5 Veiligheid, Terminologie en Hegtings

Hierdie vraag is goed beantwoord. Kandidate het egter gesukkel met
5.4 omdat dit berekeninge oor die Freesmasjien bevat het waarmee selfs sekere onderwysers nie bekend was nie.

Vraag 6 Instandhouding en Turbines

6.8 en 6.9 Kandidate het probleme ondervind met hierdie vrae omdat die antwoorde nie in die handboek voorkom nie. Die antwoorde is egter wel beskikbaar in die eksaminator se handleiding wat nie in hierdie provinsie gebruik word nie.